

# 'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting

C J A Vos

Dekaan: Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

## Abstract

### A perspective on the new versification of the Psalter in

### Afrikaans

*The envisaged versification of all 150 psalms in Afrikaans has been completed. The article focuses on the following aspects: the Psalter as a song book; the Psalter as a poetry book; the new versification of the Psalter in Afrikaans; a comparison between three versifications; and the melodies of the versificated Psalter.*

## 1. AKTUALITEIT

Die nuwe omdigting van al 150 psalms is voltooi. Hoewel dit nog nie gepubliseer is nie, het daar al 'n hoofsaaklik negatiewe blik op die nuwe omdigting verskyn in die artikel van E C Kloppers (2000:192-204). Kerke wat oor die aanvaarding van die nuwe omdigting moet besluit, behoort die omdigting met die nodige insig te weeg en te oorweeg. Hiertoe hoop dié artikel om 'n bydrae te maak.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Wanneer daar oor die psalmomdigting besin word, stuit dit op sekere vrae waaroor klaarheid moet kom. Een van die dringendste vrae is of al 150 psalms omgedig moes word. Kloppers (2000:195-198) is van mening dat die psalms om liturgiese redes nie almal omgedig moes word nie. Haar siening bepleit nie net 'n seleksie uit die psalms nie, maar ook 'n verkorting en gevolglik 'n noodwendige verskraling van die psalms.

In die lig daarvan dat daar in 2001 'n nuwe psalmomdigting verskyn, moet aan hierdie vrae indringend aandag gegee word. Die uitgangspunt van die beleidmakende en

toesighoudende kommissie was en is dat al 150 psalms omgedig behoort te word en in die liturgie 'n plek moet kry.

### **3. DIE BRUGFUNKSIE VAN DIE PSALMS**

Die psalms vervul in vele opsigte 'n brugfunksie tussen uiteenlopende soorte denominasies wat mekaar vroeër op een of ander manier vermy het (Schuman 1995:1). Die psalms is liedere wat in die Joodse en die Christelike tradisie, in die Oosters-Ortotokse en Westerse kerke, in die Rooms-Katolieke tradisie en vele Reformatoriese strominge 'n sleutelplek gekry het (Schuman 1998a:374-5; Kaspar 1999:96). Die psalms verbind mense uit verskillende wêreldes, tradisies en tye. Die sing van die psalms in die erediens herinner ons ook steeds aan die sapryke wortels van Israel, die Jodedom, die tempel en die sinagoge (Barnard 1985:66-102; Schuman 1998a:375). Hierdie insig in ons psalmerfenis verbind tradisies en geloofsgemeenskappe, verskillende wêreldes en tye. 'n Verkorte psalmomdigting soos wat Kloppers (2000:195-198) voorstaan, verloën hierdie ryke tradisie waarin die Reformatoriese kerke in Suid-Afrika staan.

### **4. DIE PSALMS IN DIE LITURGIE**

Nadenke oor die betekenis en funksie van die psalms in die liturgie lei daartoe dat die psalms ook met liturgiese oë bekyk moet word. Naas die ekumeniese brugfunksie wat die psalms vervul, het die nuwe belangstelling in die liturgie ook die vraag na die betekenis en die funksie van die psalms in die liturgie onder die aandag gebring (Schuman 1998:165; 1998a:377-378). In die "ekumenies-protestantse" kerke word daar in die liturgie na "die psalm van die Sondag" verwys wat in die liturgiese jaartema die patroon van die erediens kan bepaal; dit word dan as *proprium* saam met 'n besondere teks as keervers en saam met die "gebed van die Sondag" aangegee (Schuman 1998:166-167; Monsma 1998:423-449).

Kloppers (2000:195-199) betoog dat die psalmbundel om liturgiese redes verkort moet word. Sy pleit egter nie net vir 'n verkorting van die psalmbundel nie, maar ook vir die verkorting van die afsonderlike psalms.

Die beswaar van Kloppers (2000:193) teen die nuwe omdigting is onder andere dat al 150 psalms reeds in Afrikaans beskikbaar is. Die swakheid van dié argument is dat daar juis besluit is om *de novo* 'n nuwe psalmomdigting aan te pak omdat die bestaande psalmbe-

ryming literêre en teologiese gebreke het. Die Totiusberyming volg bowendien 'n nou reeds verouderde Nederlandse beryming van die 18e eeu baie slaafs na. Talle argaïsmes, te veel om op te noem, en bydigtings (vgl die Totiusberyming van Ps 8) kom voor. Teologies het die psalmnavorsing die afgelope dekades groot vordering gemaak (vgl Ridderbos 1955, 1962, 1972; Lamparter 1961, 1965; Mowinckel 1962, 1962a; Kraus 1966, 1972; Sabourin 1969; Van Uchelen 1971; Van der Ploeg 1971, 1974; Deissler 1979; Van der Lugt 1980; Anderson 1981, 1981a; Allen 1983; Craigie 1983; Brueggemann 1984; Prinsloo 1984, 1991; Westermann 1984; Watson 1986; Spieckermann 1989; Hossfeld/Zenger 1993; Human 1993; Whybray 1996; Irsigler 1997; Zenger 1997; Schuman 1998:165-166). Die nuwe psalmomdigting het die vrug hiervan gepluk.

Kloppers (2000:198, 202) beroep haar op himnologies-historiese argumente om aan te toon dat al die psalms nie omgedig hoef te word nie. Hierteenoor moet gemeld word dat die kerk van die begin af met die Psalms geleef het en daarmee haar liturgie gevier het (Schuman 1998:172). Kerke in die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika sluit by die psalmbundel as geheel aan. Voorbeelde van hierdie benadering vind in talryke liedboeke neerslag. Die *Liedboek voor de Kerken* in Nederland wat deur die Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerken Nederland (GKN) en die Nederlands Gereformeerde Kerken (NGK) gebruik word, bevat al die psalms. Die Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) het 'n eie liedboek waarin die volledige Psalter voorkom. Verder kom al die psalms ook by die Christelĳk Gereformeerde Kerk voor. In België gebruik die Nederlandstalige Gereformeerde Kerken die *Liedboek voor de Kerken*.

Al die psalms kom voor in die *Psalter Hymnal* van die Christian Reformed Church in North America. Ook die Reformed Churches of Canada en die Free Reformed Churches of Canada het al die Psalms in hulle onderskeie liedbundels. Daar is verder Presbiteriaanse Kerke in Amerika wat al die psalms in hulle "hymnals" het. Die *Liedboek* van die Christian Reformed Church in Australië maak ook van al die psalms gebruik. Onlangs het daar 'n nuwe uitgawe van die volledige Psalter in Duits verskyn vir gebruik in die Gereformeerde Kerke in Duitsland, Oostenryk en elders in Europa. Al die psalms word ook in die liedboek van Die Gereformeerde Kerk in Hongarye gevind (Strydom 2000; vgl ook Strydom 1994:338 en Schuman 1998:173).

Psalm 137 is vir Kloppers (2000:196-197) 'n voorbeeld van 'n psalm wat om liturgiese redes nie in die omdigting opgeneem behoort te word nie. Haar argument dat daar in die Christelike gemeente nie van God se oordeel oor die vyand gesing mag word nie, roep die hele Ou en Nuwe Testament teen só 'n siening op. Om teologiese redes het Kloppers se argument geen krag nie omdat 'n groot deel van die psalms uit die Bybel verwyder sou moes word indien haar argument ernstig geneem word. Die bekende driehoek-verhouding – God, vrome en vyand – kom dikwels in die psalms voor (vgl Pss 5, 10 en 11). Oor hierdie psalms kan en moet daar ook gepreek word en hulle moet gesing kan word. Omseiling is nie 'n oplossing nie.

Dit gaan nie hier om 'n goedkoop teologie waarin 'n mens God aan jou kant teen die vyand kry nie. Maar die psalms maak 'n appèl op die mens om aan God se kant te leef, al is die vyand aan die ander kant. Om aan God se kant te wees, is 'n geloofskeuse en -lewe. Die Nuwe Testament vertel dat God se koninkryk deur die bese ondergrawe word (vgl Matt 13). Om in God se koninkryk te leef en te werk, is nie 'n maklike saak nie. Dit vra geloof, stryd en volharding. In die Openbaringsboek (Op 17, 18) word God se vyand (Rome) metafores Babilon genoem (Tomson 1997:329). Die skrywer van Openbaring put ryklik uit die Ou Testament om die Babilon-metafores toe te lig (Du Rand 1996:58). Psalm 137 vertel dat Babel en Babel se nageslag onder God se oordeel sal deurloop. Die boodskap is deur die eeue geldig.

Homileties bied Psalm 137 die boodskap dat God nie net die liefdevolle God is nie, maar óók die oordelende God. Vir die hoorder in die Nuwe Testament is die Ou-Testamentiese heilige stád Sion 'n voorloper van die nuwe Jerusalem van die toekoms (Op 21). En in die nuwe Jerusalem sal God volmaak en vir ewig teenwoordig wees by die gelowiges (Du Rand 1996:57, 59). Wie Sion vergeet, skaar hom of haar by Sion se teëhanger, Babilon. En op só iemand rus God se oordeel. Om in die vreemde te wees, beteken vir die Nuwe Testamentiese gelowige om hier op aarde in tente te bly (2 Kor 5) en om vreemdelinge te wees (Heb 11). Ons is hier té vroeg vir die hemel en té laat vir die aarde (Noordmans).

Hierdie boodskap word óók deur Psalm 137 liturgies oorgedra. Daarom kan dié lied óók in die Christelike gemeente gesing word. Die omdigting van T T Cloete bewys die liturgiese bruikbaarheid van die lied.

Ver van Sion weggevoer,  
 daar in Babel, diep ontroer,  
 het ons aan ons land gedink.  
 Geen musiek het opgeklank.  
 Daar waar die riviere vloei,  
 aan die wilgers wat daar groei,  
 is ons harpe opgehang  
 in ons hartseer en verlang.

Daar het hulle ons gepla  
 en 'n Sionslied gevra.  
 "Sing vir ons", het hul gesê,  
 "vrolikheid, dit wil ons hê".  
 Hoe besing jou hartseer mond  
 Sion op dié vreemde grond?  
 Hoe sing jy aan God die Heer  
 in die vreemde lof en eer?

O my stad, vergeet ek jou,  
 mag dit my dan swaar berou:  
 Mag my hand homself vergeet,  
 van homself nie langer weet,  
 mag my tong en mond verstom  
 en geen lied meer daaruit kom.  
 Mag my stad, o Sion, jy  
 steeds my hoogste vreugde bly.

Wil, o Here, Edom straf.  
 "Breek die stad se mure af  
 tot dit op die aarde lê",  
 is, toe Sion val, gesê.  
 Babel, jy word straks beslis  
 oor ons lyding uitgewis.  
 Mag selfs vir jou nageslag  
 ook 'n swaar vergelding wag.

Volgens Kloppers (2000:197) is Psalm 45 in omgedigte vorm uit die hoek van liturgiese bruikbaarheid en funksionering nie aanvaarbaar nie. Die teks van die psalm moet eers noukeurig gelees word, voordat só 'n uitspraak gemaak kan word. Psalm 45 is 'n koningspsalm. Die digter van die psalm skep 'n gedig vir die koning waarin hy sy koninklike deugde en verantwoordelikhede besing. Onder musiekklanke word die koning se huwelik aangekondig. En dan volg die wens van 'n nageslag om die koninklike linie voort te sit. Die plek van die koning in die Oosterse wêreld as goddelike verteenwoordiger vorm die grondtoon van die koninklike gedig. Elke strofe hoef nie in die liturgie gebruik te word nie (Strydom 1994:338). Daar is egter wel dele van die psalm wat altyd en oral liturgies benut kan word. In die Nuwe Testament word die gemeente opgeroep om vir die owerheid te bid (1 Tim 2). Psalm 45 kan liturgies gebruik word om oor die hoë roeping van die owerheid (president) te sing. Die gemeente kan ook deur die lied singend bid dat die regering die stryd vir die waarheid en die reg van die hulpelose sal aanknoop, en verder dat die owerheid

geregtigheid sal laat geskied. Hierdie aspekte kom onder andere in die Cloete-omdigting, strofes 1, 3 en 4, aan die lig:

Mooi woorde wat my diep ontroer,  
dié dra ek aan my koning voor;  
my tong, deur geesdrif meegevoer,  
word daardeur vaardig aangespoor.

Kom nou in koninklike prag  
en stry vir waarheid en vir reg.

Maak u gereed, laat geld u krag  
en kom vir hulpeloses veg.

U pyle wat die vyand tref,  
laat val hul voor u voete neer.

God het bo almal u verhef.  
Hy laat die koning triomfeer.

Kloppers (2000:197) wys daarop dat sekere psalms in die nuwe omdigting om pragmatiese redes verkort is, maar dat ander psalms in hulle volle *uitgesponne* lengte verskyn. Om só 'n bewering oor die nuwe omdigting te maak, getuig van 'n gebrek aan literêre oordeel. Psalm 119 is ook nie om pragmatiese redes korter as die Hebraëuse teks of die bestaande Totiusberyming nie, maar op teologiese en literêre gronde. Geen enkele van die nuwe omdigtings is in verhouding meer "uitgesponne" as die teks in die ou of nuwe Bybelvertaling nie. Psalm 119, Bybelteks, is vol herhalings, wat in die omdigtings uitgehaal is. Al die teologiese *motiewe* wat in die Hebraëuse psalm voorkom, word egter in die nuwe omdigting aangetref. In dié opsig was die proefskrif van P J Botha (1986) leidinggewend. Die verkorte omdigting van Psalm 119 is dus op goeie gesag gedoen en nie willekeurig soos Kloppers dit wil nie.

Dit is volgens Kloppers (2000:198) 'n vreemde teologiese dubbelslagtigheid as 'n hele psalm, maar nie ander Bybelgedeeltes nie, aan die oorspronklike hou. Dié argument staan nie sterk nie. Die Psalms is gedigte. In 'n omdigting word dié gedigte omgedig. Maar die ander Bybelgedeeltes gee motiewe wat in 'n versvorm benut kan word. In 'n gesang wat byvoorbeeld uit Romeine 8 put, word nie al die motiewe van Romeine 8 in die gesang gebruik nie. Daar word 'n keuse uit die motiewe met die oog op die skryf van 'n gesang gemaak.

Kloppers (2000:199, 202) se pleidooi vir 'n verkorting van die psalms is onder andere gegrond op die feit dat 'n lied as 'n eenheid gesing kan word. Net so min as wat daar altyd uit 'n hele psalm gepreek kan word, net so min is dit liturgies noodsaaklik om altyd al die strofes te sing of met die oog daarop die psalm te verkort. Daar kan ook liturgies sinvol strofes gekies word wat die preekteks belig. En wie kan waarborg dat 'n verkorte psalm, as dit meer as een strofe het, altyd in geheel gesing gaan word? As al die psalms nie omgedig hoef te word nie, op watter algemeen aanvaarbare gesag gaan besluit word watter psalms bly behoue in hulle geheel en watter word verkort? Om die Psalms te ekstraheer of te ekstrapoleer, of dit 'n enkele psalm of die versameling van 150 raak, is, wetenskaplik gesien, 'n onmoontlike onderneming.

'n Verdere argument vir die liturgiese sinvolheid dat alle psalms omgedig word, is die feit dat poësie leestekste is. Deur die lees alleen van die Psalms dring die betekenis daarvan op intellektuele en emotiewe vlak deur.

## 5. DIE PSALMS AS LIEDBOEK

Die Psalms is in die tempel gesing deur 'n gilde van sangers wat deur musici begelei is. Met Paastyd (ook die Loofhuttefees) is die Hallel gesing (Pss 113-118). In dié verband kan ook na die lofsang in Matteus 26:30, wat ná die Nagmaal gesing is, verwys word (Vrijlandt 1989:22).

Op pad na die tempel waar die Pinkster- of die Loofhuttefees gevier is, is pelgrimsliedere gesing (Pss 120-134). Daar is ook oor die vreugde van die Wet gesing (Pss 1; 19; 119). Psalm 92 is die psalm vir die sabbatmôre, terwyl Psalms 95-99 die vorige aand gesing is (Vrijlandt 1989:22).

Die Psalms was die gebede en liedboek van Israel en die Jodedom en ook van Jesus (vgl Ps 22) en sy volgelinge. Die Christelike kerk het die Psalmboek oorgeneem. In die ryk tradisie van die Christendom leef ons daarom ook uit die Psalms (Schuman 1998:166-167; Monsma 1998:423-425).

In ons dag behoort die rykdom wat die Psalms as liedboek bied, weer ontdek en ontgin te word. Die vanselfsprekende rede hiervoor is dat al die geloofstemas in die Psalms voorkom. Die diepste menslike emosies weerklink in die Psalms: vreugde en dank, maar ook pyn en vrees in krisissituasies. Sommige psalms druk jubelende lofprysing aan God uit, terwyl ander teen God kla; in party psalms word oor die skoonheid van die lewe en goeie

verhoudings tussen mense gesing; ander psalms praat van die gebroke verhoudings tussen mense – selfs van wraak teen vyande; daar is psalms wat tot God bid, maar ook psalms wat die goddelose vervloek; in die psalms word daar met die onopgeloste raaisels van die lewe geworstel, soos die vraag waarom die regverdige onder laste moet swig terwyl die goddelose ligvoets en voorspoedig deur die lewe gaan. Die Psalms is 'n boek wat die verhaal van God en mens se omgang met mekaar vertel. Die Psalms is bo alles geloofs-gesange oor sonde en genade. Hierdie momente word in die nuwe omdigtings van die Psalms as 'n georganiseerde en organiese geheel op 'n verantwoordelike wyse verwoord.

## **6. DIE PSALMS AS DIGBUNDEL**

Daar moet in die psalmomdigting daarmee rekening gehou word dat ons met 'n gekomponeerde geheel te doen het. In die psalmnavorsing word daar toenemend daarop gewys dat die Psalms nie as individuele of los psalms of as bloemlesing geles moet word nie, maar as 'n bundel. Net soos gedigte in 'n bundel nie los eenhede is nie, maar deel van 'n groter geheel is, is dit die geval met die Psalms. Duidelike aanduidinge bestaan dat die komposisie van die psalmbundel nie by een geleentheid plaasgevind het nie. Daar is aanwysers dat vroeëre versamelings bestaan het wat later in ons bundel saamgevoeg is. Ons vind byvoorbeeld dat 'n aantal psalms gedupliseer is: Psalm 14 = Psalm 53; Psalm 40:13-17 = Psalm 70 en Psalm 108 = Psalm 57:7-11 + Psalm 60:5-12. Dit is verklaarbaar indien die gedupliseerde psalms oorspronklik tot verskillende versamelings behoort het.

Die Psalmboek bestaan uit vyf onderafdelings wat elk met 'n doksologie sluit (Zenger 1997:25):

Psalm 1-2	-	inleiding tot die Psalmbundel
Psalm 3-41	-	doksologie: 1:14
Psalm 42-72	-	doksologie: 2:18-19
Psalm 73-89	-	doksologie: 89:53
Psalm 90-106	-	doksologie: 106:48
Psalm 107-150	-	doksologie

Psalms 3-41 is die eerste groot versameling en staan as Boek 1 bekend. Hierdie groepering staan as die Dawidsversameling bekend, omdat met 'n enkele uitsondering (Ps 33) Dawid se naam in al die ander opskrifte voorkom. 'n Ander kenmerk van die groep is

dat die goddelike Naam, Jahwe (Here), deurgaans gebruik word. In Boek II word die volgende psalms ook aan Dawid toegeskryf: 51-65 en 68-70. In Boek III word Psalm 86 op Dawid se naam geplaas. Boek IV plaas Psalm 101 en 103 op sy rekening. In die vyfde versameling word Psalms 108-110; 122; 124; 131 en 138-145 aan Dawid toegeskryf.

Die laaste afdeling het nie 'n spesifieke doksologie nie. Die rede hiervoor is dat die hele Psalm 150 die funksie vervul. Elk van die onderafdelings word afgebind deur 'n lofroep, en dié doksologieë verbind die gedigte in elke afdeling weer aan mekaar. Soms, soos in die geval van Psalm 41, wat 'n smeking in nood is, en Psalm 89, wat op 'n toon van verwyte en aanvegting eindig, kom die doksologie in verrassende kontekste voor. Wat is die sin van 'n lofroep in só 'n konteks? Juis die lofklank in dié konteks toon dat al die psalmsoorte – klagte, smeking, verwyte, liturgieë, individuele gebede, kollektiewe liedere, wysheids- en vertrouenspsalms – en al hul motiewe versier word deur die motief van lof aan God. Dit is ook nie vreemd nie dat die bundel later die titel *tehillim*, lofliedere, gekry het ten spyte van liedere gevul met smart (soos Ps 38), wraaksug (soos Ps 70), uitsigloosheid (soos Ps 88), klagte (soos Ps 130) en bitterheid (soos Ps 137). Psalm 150 is nie alleen die spitspunt van die groep Halleluja-psalms (Pss 146-150) nie, maar dit is ook 'n volledige doksologiese psalm om die hele bundel mee af te sluit.

Die vyf afdelings in die Psalmboek hang saam. Verder vorm verskillende psalms 'n samehang. Schuman (1998a:375-376) het aangetoon hoe die Bedevaartpsalms met mekaar saamhang en in mekaar verweef is. Die feit dat ons met 'n georganiseerde digbundel te doen het, maak dit onmoontlik om uit sogenaamde liturgiese oorwegings, soos Kloppers betoog, 'n seleksie te maak. Só 'n seleksie eerbiedig nie die liturgiese en literêre oorwegings nie, maar is 'n oorgee aan 'n wilde willekeur. 'n Inkrimping van die Psalms stel die dringende vraag na die hermeneutiese sleutel wat gebruik word. Verder is die uiteinde daarvan 'n verminking van die Psalms.

Wie op die voetspoor van Kloppers die psalms wil inkort, neem die geaardheid van die poësie en poësiegroepe nie in ag nie. Metafore kan nie na willekeur uitgeroei word nie. Die struktuur en tekstuur van die psalm as gedig word op dié wyse wesenlik aangetas. Psalm 24 is 'n voorbeeld van 'n gedig waar kosmiese, kultiese en krygsmotiewe die psalm deur-

weef om die kosmiese, kultiese en militêre heerskappy van God deur fyn struktuur en tekstuur tot 'n klimaks te laat reik (Vos 1997:692-699).

## **7. DIE OMDIGTING VAN DIE PSALMS IN AFRIKAANS**

Kloppers maak 'n aantal veralgemenende bewerings oor T T Cloete se psalmomdigting. Sy verwys net na Cloete se omdigtings (Kloppers 2000:194), terwyl sy goed weet dat daar ook sewe omdigtings van Lina Spies (Pss 8, 23, 27, 42, 130, 137, 139), twee van Antjie Krog (Pss 16 en 19) en twee van A P B Breytenbâch (Pss 125 en 129) is. En dan moet sy nie haar eie omdigting, naamlik Psalm 133, buite rekening laat nie.

Kloppers (2000:194) noem die nuwe omdigting reproduktiewe omdigtings, 'n nasê dus van die Bybelteks. Omdigting en reproduksie sluit mekaar uit. 'n Bietjie insig in die aard van die gedig wat op 'n interteks of intra-teks berus, sê vir jou dat elemente soos ritme, metrum, poëtiese sintaksis, foniek – dit alles op sy minste, 'n reproduksie van die teks onmoontlik maak. Daar is 150 psalms omgedig en Kloppers (2000:200) verwys na 'n skrale paar in 'n trant asof haar besware vir almal geld. Wat sy as argaïsmes of taal van die ou register beskou, is onvermydelike Bybelse woordeskat én selfs daaglikse gebruikstaal, selfs joernalistieke taal. Haar verwyf van onnatuurlike woordorde in die omdigtings wys op 'n onaanvaarbare leeskennis van die gedig. Die onnatuurlikheid van die gedig, nie net van die woordorde nie, is die gedig se kenmerk uiteraard én die verdienste daarvan.

## **8. 'N VERGELYKING TUSSEN DRIE OMDIGTINGS**

Die vraag of die nuwe psalmomdigting naas die Totiusteks nodig is, moet getoets word. Wie die Totiusteks noukeurig nagaan, sal talle teologiese en literêre gebreke ontdek. Op literêre vlak wemel dit van swakhede. Daar is talle voorbeelde van bydigtings (bv Ps 8).

Vergelyk die volgende drie omdigtings van Psalm 100:

**Die Nederlandse 1773-teks:**

Juich, aarde, juicht al-om den Heer;  
Dient God met blijdschap, geeft Hem eer.  
Komt, nadert voor Zijn aangezicht;  
Zingt Hem een vroolijk lofgedicht.

De Heer is God; erkent, dat Hij  
Ons heeft gemaakt (en geenszins wij)  
Tot schapen, die Hij voedt en weidt,  
Een volk, tot Zijnen dienst bereid.

**Die Totiusteks:**

Juig, al wat leef, juig voor die Heer!  
Dien God met blydskap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig,  
en prys Hom met 'n lofgedig!

Die Heer is God, erken dat Hy  
'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees  
en skape van sy wei te wees.

**Die Cloeteteks:**

Juig almal tot Gods lof en eer,  
dien met jul blydskap God die Heer.  
Kom met gejubel voor Hom saam  
en dank en loof Hom, prys sy Naam.

Erken dié God en sy gesag.  
Hy hou oor ons, sy kudde, wag.

Gaat tot Zijn poorten in met lof,  
Met lofzang in Zijn heilig hof,  
Looft Hem aldaar met hart en stem;  
Prijst Zijnen naam; verheerlijk Hem.

Want goedertieren is de Heer;  
Zijn goedheid eindigt nimmermeer.  
Zijn trouw en waarheid houdt haar kracht,  
Tot in het laatste nageslacht.

Gaan deur sy poorte in met lof,  
met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;  
verhef sy lof en prys sy Naam.

Want goedertieren is die Heer;  
sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trouw en waarheid hou hul krag  
tot in die laaste nageslag.

Laat ons as volk die Heer aanbid.  
Hy't ons gemaak as sy besit.

Gaan nou sy poorte binne, sing  
en bring jul dank met jubeling.  
Sy goedheid, liefde en sy trou  
sal Hy vir altyd onderhou.

### *'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting*

Hierdie Totiusberyming is een van sy heel beste bewerkings, maar dit is ook een van sy duidelikste vertalings wat, woordeliks gesien, meer ooreenstem met die Nederlandse 1773-omdigting as met die Afrikaanse Ou Vertaling. Om 'n paar voorbeelde te gee:

- Strofe 1, in elke vers kom iets ooreen met die Nederlandse teks: vers 1/2 gedeeltelik, 3/4 letterlik in die geheel.
- Strofe 2, eendersluidend met die woordorde van die Nederlandse teks.
- Strofe 3, vers 1/2 presies soos die Nederlandse teks.
- Strofe 4, die hele strofe volg die Nederlandse teks op die woord af.

Hierdie geliefde Psalm 100 in Afrikaans is dus vertaalde Nederlands. Daar is talle psalms wat dieselfde patroon volg. Selfs die aantal strofes is in talle gevalle by Totius gelyk aan die Nederlandse teks (bv Ps 103). Ten opsigte van Psalm 86 leun Totius in so 'n mate op die Nederlandse teks dat ons hier met 'n oorskryf te doen het. Om net 'n paar voorbeelde te noem:

- Strofe 1, vers 1/2 die rym; vers 3/4/5/6 woordeliks; vers 7/8 rympatroon en halwe vers.
- Strofe 2, ses uit die agt verse letterlik.
- Strofe 3, vier verse letterlik.
- Strofe 4, twee verse letterlik.
- Strofe 5, vers 1/2 letterlik; 3/4 rym; slotvers letterlik.
- Strofe 6, al die verse letterlik behalwe die twee slotverse letterlik.
- Strofe 7, vers 3/4 letterlik.
- Strofe 8, rym en frases.
- Strofe 9 twee uit die vier verse letterlik.

Dit is maar enkele voorbeelde uit talle. Die vergelyking van die Nederlandse en Totiusberyming spreek vir hulleself.

Die Cloete-omdigting laat reg geskied aan die struktuur van die Hebreuse teks. In die eerste strofe word God se volk deur drie imperatiewe opgeroep om drie liturgiese handelingte te vervul: dank Hom, loof Hom en prys sy Naam. In die tweede strofe kan 'n duidelike patroon onderskei word: 'n imperatief gevolg deur 'n redegewing (reëls een en twee) en dan weer 'n imperatief gevolg deur 'n redegewing. "Erken God en sy gesag" (imperatief) *want* "Hy hou oor ons, sy kudde, wag" (redegewing). "Laat ons as volk die Heer aanbid" (die kudde van versreël twee word deur volk in versreël drie verduidelik) (imperatief) *want* "Hy't ons gemaak as sy besit" (daar is 'n duidelike progressie van "kudde" na "volk" na "sy besit") (redegewing). In die lig van strofe een en twee kry ons die opdrag om God se poorte binne te gaan, te sing en ons dank te bring. Die drie imperatiewe in strofe een word in strofe drie struktureel en funksioneel opgeneem. Die voorlaaste strofe het weer 'n drie-patroon: God se goedheid, liefde en trou. Hierdie vaste patroon in die omdigting is poëties en funksioneel van betekenis. God sal sy drie volkomehede vir altyd onderhou. "Onderhou" dui op bewaar wat nie ophou nie. Dit word versterk deur die "vir altyd". Dit is maar een voorbeeld. In talle van die nuwe omdigtings is daar poëties-strukturele funksies wat hopelik raakgesien sal word. 'n Verkorting, soos Kloppers dit wil, moet noodwendig strukture soos bogenoemde ignoreer en aantas.

## 9. DIE MELODIEË VAN DIE PSALMOMDIGTING

Kloppers (2000:201) wys daarop dat waar van die nuwe omdigtings en hulle musiek al bekend gemaak is, die beskuldiging reeds herhaaldelik gemaak is dat die melodieë kwasi-Geneefs klink. Volgens Kloppers (2000:201) lê die probleem by tekste met lang strofes en veral lang versreëls, wat 'n gevoel van iets argaïes skep. As lid van die psalmherbelymings-kommisie se musiekkommisie weet Kloppers dat die digters nie 'n vrye hand in die skepping van die versstruktuur gehad het nie. Die musikale struktuur is aan die digters voorgeskryf waarby hulle hulle moes hou.

Twee voorbeelde van nuwe tekste wat getoonset is en uitstekend daarin slaag om die teks te dra en te vertolk, is dié van I Grové (Ps 111 en 112) en G C Olivier (Ps 110).

Oor die werkwyse van die musiekkommissie doen A J Troskie (2000:3-6) soos volg verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:

Die musici op die kommissie wat verantwoordelik is vir die nuwe Afrikaanse psalmboek, is verteenwoordigend van al drie Afrikaanse kerke, asook die APK en die Verenigende Gereformeerde Kerk.

Daar is besluit om met die samestelling van die bundel 'n gesonde balans van liedkeuses na te streef.

Die musici het baie krities na alle bestaande psalmmelodieë gekyk en besluit om ongeveer 60 hiervan weg te laat aangesien hulle óf te lank en moeilik is, óf nie van besondere musikale waarde is nie, óf nie algemene aanklank by gemeentes gevind het nie.

*Die melodieë wat in die boek sal verskyn, is uit vyf bronne afkomstig:*

1. Alle melodieë wat reeds bekend en geliefd is, asook ander goeie en maklik singbare melodieë wat stam uit ons ryk Gereformeerde kerkliederfenis, word behou.
2. Vir 'n aantal psalms word mooi melodieë uit ander bundels oorgeneem.
3. 'n Aantal bekende gesangmelodieë word by die psalms aangewend.
4. Vier Suid-Afrikaanse komponiste het oorspronklike melodieë vir psalmtekste geskryf.
5. Die geliefde liederwysies van Psalm 38 en 130, asook die P K de Villiers-melodieë uit die vorige Psalmboek vir Psalm 18 en 147 word ook opgeneem.

*Bekende melodieë:*

By 100 psalms sal melodieë gebruik word wat óf reeds baie bekend is, óf wat maklik aangeleer kan word. Al die bekendes is daar: Psalm 8, 9, 23, 25, 31, 33, 36, 42, 46, 47, 48, 65, 68, 72, 75, 77, 84, 86, 89, 90, 91, 98, 99, 100, 105, 107, 116, 118, 121, 124, 128, 130, 134, 136, 138, 145, 146, 147, 150.

*By 'n aantal psalms word bekende melodieë van ander psalms gebruik:*

By Psalms	gebruik melodie van
2	93
4	43
10	9
17	86
35	95
43	42
44	8
49	93
82	48
106	95
148	100

*Melodieë uit ander bundels:*

Nege melodieë wat volgens die kommissie maklik by die kerkvolk sal inslaan, en wat elders baie geliefd is, word uit ander bundels oorgeneem:

Psalm	Melodiebron
11	Psalter Hymnal No. 531
16	Gaudeamus Pariter (Boheemse gesang)
29	Liedboek voor de Kerken No. 459
78	Psalter Hymnal No. 80
79	Psalter Hymnal No. 248
85	Psalter Hymnal 10
114	English Hymnal (1973) Appendix No. 57 (Yoakley)
120	E.G. No. 352
126	Willing/G G Cillié

*Gesangmelodieë by die Psalms:*

Ten einde nog meer psalms maklik singbaar te maak, word bekende gesangmelodieë by 22 psalms gebruik:

*'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting*

Psalm	Gesangmelodieë wat gebruik word
16	261
20	38
27	217
34	265
37 en 40	344
52	50
54	241(b)
55	27
56	120
61	18
70	344
80	293
109	220
119	39
132	216
137	200 en 242
139	15
140	128
143	122
149	1

*Suid-Afrikaanse komponiste:*

By ongeveer 20 psalms sal melodieë van Suid-Afrikaanse komponiste verskyn, wat spesiaal vir hierdie psalmomdigtings gekomponeer is. Hierdie afdeling is nog nie gefinaliseer nie. Die komponiste waarvan melodieë tot dusver aanvaar is, is mnr H Pieter van der Westhuizen, prof G G Cillié en prof Izak Grové (al drie van Stellenbosch) asook prof Gerrit Olivier van Pretoria.

Die psalms waarby hulle melodieë gebruik word, sluit in: Psalm 3, 5, 13, 14, 15, 24, 26, 27, 39, 41, 53, 59, 63, 87, 101, 111/112, 129, 131, 139.

*Liederwysies en P K de Villiers-melodieë:*

Op versoek van vele kerkgangers en ook die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Algemene Kerkvergadering van die Neder-

duitsch Hervormde Kerk, word die bekende melodieë van P K de Villiers, wat in die vorige psalmbundel by Psalm 18 en Psalm 147 verskyn het, in die nuwe boek opgeneem. Alhoewel hierdie melodieë musikale gebreke toon, word hulle nietermin ingesluit, aangesien die kommissie al die moontlike doen om 'n bundel te bied wat vir alle kerkgangers aanvaarbaar sal wees. Om hierdie selfde rede word ook die Liederwysies (verkeerdelik genoem. Voortrekkerwysies) van Psalm 38 en Psalm 130 ingesluit.

*Redaksionele versorging:*

Die kommissies vir die psalms en dié vir die gesange werk ten nouste saam en daar word beoog om 'n eenheid tussen die psalms en gesange te verkry sover dit tipografie, uitleg, setwerk en redaksionele versorging betref.

Drie eindredakteurs vir die Psalm- en Gesangboek (waarvoor 'n geskikte naam nog gevind moet word) is aangestel, te wete dr Louwrens Strydom, ds Cassie Carstens en prof Albert Troskie. Die setwerk word op rekenaar in Port Elizabeth deur mnr Colin Campbell en 'n span gedoen volgens die musieknotasieprogram, *Score*, wat wêreldwyd deur uitgewers gebruik word.

Hierdie verslag gee duidelik 'n ander perspektief as dié van E C Kloppers.

## 10. 'N SLOTNOOT

Die nuwe psalmomdigting is wel in 'n hoë mate die werk van 'n individu. Daarmee word egter nie die laaste woord gesê nie, want dit dra die gesag van 'n groot interkerklike kommissie wat saamgestel is uit verskillende teologiese, musikologiese, taal- en letterkundige dissiplines.

### Literatuurverwysings

- Allen, L C 1983. *Psalms 101-150*. Waco, Texas: Word Books.  
 Alter, R 1985. *The art of biblical poetry*. New York: Basic Books.  
 Anderson, A A 1981a. *Psalms (1-72)*. 2nd edition. Grand Rapids: Eerdmans.  
 — 1981b. *Psalms (73-150)*. 2nd edition. Grand Rapids: Eerdmans.  
 Barnard, A C 1985. *Die erediens*. NG Kerkboekhandel: Pretoria.

- Botha, P J 1986. *Die teologiese funksie van die torah-woordveld in die driehoeksverhouding Jahwe-vrome-vyand in Psalm 119*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Brueggemann, W 1984. *The message of the Psalms: A theological commentary*. Minneapolis: Augsburg.
- Craigie, P C 1983. *Psalms, 1-50*. Waco, Texas: Word Books. (WBC 20.)
- Deissler, A 1979. *Die Psalmen*. 2.Aufl. Düsseldorf: Patmos.
- Du Rand, J A 1996. Die eskatologiese betekenis van Sion as agtergrond tot die teologie van die boek Openbaring. *Skrif en Kerk 17(1)*, 48-61.
- Het boek der Psalmen nevens de Gezangen, bij de kerken van Nederland in gebruik door last van de hoog mogende heeren staten generaal, der Vereenigde Nederlanden, uit drie berijmingen, in het jaar 1773, gekozen, met de noodigde daarin gemaakte veranderingen*. Amsterdam: J Brandt en Zoon.
- Hossfeld, F-L & Zenger, E 1993. *Die Psalmen, 1: Psalm 1-50*. Würzburg: Echter Verlag. (Die Neue Echter Bibel.)
- Human, D J 1993. *Die begrip "berit" in 'n aantal klaagpsalms: 'n Perspektief*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Irsigler, H 1997. *Vom Adamsohn zum Immanuel*. St. Ottilien: EOS-Verlag.
- Kaspar, P P 1999. *Musica sacra: Das große Buch der Kirchenmusik*. Wenen: Styria.
- Kloppers, E C 2000. 'n Nuwe psalmomdigting in Afrikaans: Uitgangspunte, beleid, probleme. *HTS 56*, 192-204.
- Kraus, H-J 1972. *Psalmen*, 1. Teilband. 4. ergänzte Aufl. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- 1978. *Psalmen*. 2. Teilband. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- Lamparter, H 1961. *Das Buch der Psalmen, I (Psalm 1-72)*. 2.Aufl. Stuttgart: Calwer Verlag.
- 1965. *Das Buch der Psalmen, II (Psalm 73-150)*. 2. Aufl. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Liedboek voor de Kerken 1973. *Psalmen en Gezangen voor de eredienst in kerk en huis aangeboden door de Interkerkelijke Stichting voor het Kerklied*. S'Gravenhage: Interkerkelijke Stichting voor het Kerklied.
- Mowinckel, S 1962. *The Psalms in Israel's worship, Vol I*. Oxford: Blackwell.
- 1962a. *The Psalms in Israel's worship, Vol II*. Oxford: Blackwell.

- Monsma, D 1998. Informatie en documentatie, in Oskamp, P & Schuman, N (reds), *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Meinema.
- Psalter Hymnal 1987. *Including the psalms, Bible songs, hymns, ecumenical doctrinal standards, and liturgical forms of the Christian Reformed Church in North America*. Grand Rapids: CRC Publications.
- Prinsloo, W S 1984. *Van kateder tot kansel: 'n Eksegetiese verkenning van enkele psalms*. NG Kerkboekhandel: Pretoria.
- 1991. *Die Psalms leef!* Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Ridderbos, J 1955. *De Psalmen, 1 (Psalm 1-41)*. Kampen: Kok.
- Ridderbos, N H 1962. *Psalms 1-41*. Kampen: Kok.
- 1972. *Die Psalmen: Stilistiese Verfahren und Aufbau. Mit besonderer Berücksichtigung von Ps 1-41*. Berlin: De Gruyter.
- Sabourin, L 1969. *The Psalms*. New York: Alba House.
- Schuman, N A 1995. "... en wat zij zong hoorde ik dat psalmen waren." *Over psalmen en liturgie*. Kampen: Intreerede, 22 September 1995.
- 1998. De Psalmen, in Oskamp, P & Schuman, N (reds), *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetermeer: Meinema.
- 1998a. "... Die weet gehad heeft en geen weet gehad". *Skrif en Kerk* 19(2), 373-380.
- Seybold, K 1996. *Die Psalmen*. Tübingen: Mohr & Siebeck. (HAT 1/15.)
- Spieckermann, H 1989. *Heilsgegenwart: Eine Theologie der Psalmen*. Vandenhoeck & Ruprecht: Göttingen.
- Strydom, W M L 1994. "*Sing nuwe sange, nuutgebore*". *Liturgie en Lied*. Bloemfontein: Departement Musiek, UOVS.
- 2000. Inligting in 'n ongepubliseerde brief.
- Tomson, P J 1997. "*Als dit uit de Hemel is ...*" *Jesus en de skrywers van het Nieuwe Testament in hun verhouding tot het Jodendom*. Hilversum: B Folkertsma Stichting voor Talmudica.
- Troskie, A J 2000. *Verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*: Pretoria.
- Van der Lugt, P 1980. *Strofische structuren in de Bijbels-hebreeuwse poëzie*. Kampen: Kok.

*'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting*

- Van der Ploeg, J P M 1971. *Psalmen, I (Psalm 1-44)*. Roermond: Romen & Zonen.  
— 1974. *Psalmen, II (Psalm 76-150)*. Roermond: Romen & Zonen.
- Van Uchelen, N A 1971. *Psalmen, I*. Callenbach: Nijkerk.
- Vos, C J A, 1997. Die liturgie in die spieël van die Psalms. *Skrif en Kerk* 19(3), 686-704.
- Vrijlandt, M A 1989. *Liturgiek*. 2e druk. 's-Gravenhage: Meinema.
- Watson, W G E 1986. *Classical Hebrew Poetry: A guide to its techniques*. 2nd edition.  
Sheffield: The University of Sheffield. (JSOT suppl 26.)
- Westermann, C 1984. *Ausgewählte Psalmen: Übersetzt und erklärt von Claus Westermann*.  
Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Zenger, E 1997. *Die Nacht wird leuchten wie der Tag*. Freiburg: Herder.